STELLENBOSCH
STELLENBOSCH • PNIEL • FRANSCHHOEK
MUNISIPALITEIT • UMASIPALA • MUNICIPALITY

# NUUSBRIEF
# IPHEPHANDABA
# NEWSLETTER

**UITGAWE 49 - 2019 • EDITION 49- 2019**

# *Van die Burgemeester*
# *From the*

Liewe Inwoners

***Ons dorpe is nog steeds in herfsdrag getooi en ek kan my verkyk aan die skouspelagtige mooi van die Boland. Oral is die laaste somervrugte soos granate en grenadellas in oorvloed en ek is diep nederig dankbaar dat ek so n mooi herfs saam met u kan beleef.***

Dankie tog die verkiesing is agter die rug en ons kan nou weer ten volle fokus op dienslewering! Dit was inderdaad 'n besige paar maande, en met die begin van ons nuwe finansiële jaar nou voor die deur, gaan dinge net besiger raak met al die opwindende nuwe projekte wat voorlê.

Met die deelname van ons inwoners op 'n nasionale of provinsiale vlak, dra hulle met trots die naam en wense van die breër Stellenbosch saam met hulle. Dit was dan ook die geval toe die Stellenbosse sokkerspan, Stellenbosch FC, onlangs die Nasionale Eerste Divisie kampioenskap gewen het, en deur te wen ook gekwalifiseer het om aan die Premier Liga deel te neem in die volgende seisoen! Dit is 'n enorme prestasie vir ons plaaslike sokkerspan! Hulle vorm nou deel van die top Suid-Afrikaanse sokkerspanne in die land en gaan nou ook op daardie vlak deelneem!

Ek het die voorreg gehad om 'n oefensessie van hierdie pragtige jong span by te woon, net voor hulle laaste wedstryd. Dit is werklik 'n inspirerende groep spelers wat kom van onder andere Idasvallei en Kayamandi. Dit is

Dear Residents,

***Our towns are still draped in the most beautiful autumn colours and I can lose myself staring at the breath-taking beauty of the Boland. Everywhere you still find the last of the summer fruits like pomegranates and granadillas and I am so grateful that I can experience this beautiful autumn with you.***

Thank goodness the elections have come and gone and we can turn our full attention to service delivery! It was indeed a very busy couple of months and with the new financial year knocking at the door, things will keep getting busier with the new and exciting projects that lie ahead.

When our residents compete on a national or provincial level, they carry the name and wishes of the broader Stellenbosch with them. This was also the case when the Stellenbosch soccer team, Stellenbosch FC, recently won the National First Division Championship. And by winning, they also qualified to take part in the Premier League next season. This is a tremendous accomplishment for our local soccer team! They now form part of the top division of South African teams in the country and they will have the opportunity to participate at that level.

I had the privilege of attending a practice session with this wonderful group of players, just before their final game. They are an inspiring group of

Adv. Gesie van Deventer
*UitvoerendeBurgemeester/*
*Executive Mayor*
**021 808 8002**
mayor@stellenbosch.gov.za

**SPAAR WATER**
**SAVE WATER**

Recycling/Herwinning
Bl 3/ Pg 3

STELLENBOSCH WCO 24
021-886 8976
SSI
SAFETY INITIATIVE

‘n jong groep en wat hulle vermag het in die afgelope seisoen is werklik fantasties. Hulle oorwinning en deelname gaan ook nuwe geleenthede vir ons gemeenskap skep, want van die PSL wedstryde sal plaaslik geskied en nuwe sporttoerisme na die dorp lok. Dit sal vir ons nog meer nasionale mediadekking kry en ook inspirasie en geleenthede skep veral vir ons jong mense, om betrokke te raak by die sport.

Baie geluk aan die hele span van Stellenbosch FC, die afrigters en die bestuurspan. Julle maak ons baie trots!

Die derde jaarlikse Burgemeester gholftoernooi het ook onlangs plaasgevind. Ek is weereens dankbaar en aangenaam verras deur die goedhartigheid van ons inwoners om ‘n bydrae te maak om mense wat minder bevoorreg is te help. Die Gholfdag word gehou ten bate van die Burgemeestersfonds en ons het hierdie jaar weer R110 000 ingesamel. Die fonds word gebruik om inwoners in nood by te staan. Alhoewel die Munisipaliteit oor ‘n Toekenning-in-hulp-beleid beskik, is daar aansoeke vir hulp wat nie binne die raamwerk van hierdie beleid val nie, maar steeds hulp en aandag verdien. In sulke gevalle probeer ons behoeftige en verdienstelike persone deur die Burgemeestersfonds bystaan. Die fonds het streng kriteria waaraan aansoeke moet voldoen en die fonds word jaarliks geoudit om te verseker dat dit behoorlik bestuur word.

Die afgelope paar jaar het ons brandslagoffers bygestaan, kinders die geleentheid gegee om aan sportbyeenkomste deel te neem en ook bystand verleen in tye van groot hartseer waar kinders onverwags afgesterf het. U is welkom om regdeur die jaar bydraes te maak. Kontak gerus my kantoor as u ‘n bydrae wil maak. Elke bydrae maak ‘n geweldige verskil in die lewe van ons behoeftige inwoners.

Haweloosheid is ‘n geweldige uitdaging vir ons as ‘n dorp en ook as ‘n samelewing. Dit is ‘n duidelike simptoom dat daar maatskaplike probleme in ons samelewing is wat dieper strek as net armoede. Ons het die afgelope paar maande baie hieroor gepraat, en dit is belangrik dat ons aanhou praat hieroor. Na ‘n deeglike konsultasieproses en werkswinkels met verskeie rolspelers in Stellenbosch het die raad in April uiteindelik die konsepbeleid vir Hawelose Mense goedgekeur vir openbare deelname. Haweloosheid word deur verskeie faktore gedryf soos byvoorbeeld drank- of dwelmmisbruik, disfunksionele familie dinamika, verslawing, gesondheid of geestesgesondheid uitdagings, armoede en selfs fisiese gestremdhede. Daarom moet ‘n holistiese benadering gevolg word om hierdie mense te ondersteun.

Een van die eerste stappe wat ons geneem het in hierdie verband is om die Gee Verantwoordelik-veldtog te ondersteun. Hierdie inisiatief wat gedryf word deur

players originating from all over including Ida’s Valley and Kayamandi. It is a young group and what they accomplished this past season is truly amazing. Their victory and participation will also generate new opportunities for us as a community, because some of the PSL games will be played locally and will invite new sport tourism to our town. It will also bring national media coverage and create opportunities for the youth in particular to become involved in the sport.

Congratulations to the entire Stellenbosch FC team, the coaches and the management team. We are very proud of you.

The third annual Mayoral Golf Day recently took place. I am so grateful and pleasantly surprised at the kindness shown by Stellenbosch residents who made generous contributions that will assist people who are less fortunate. The Golf Day takes place for the Benefit of the Mayoral Fund and this year we managed to raise R110 000. The fund is used to assist local residents in need. Although the Municipality has a Grant-in-Aid policy, there are some applications that do not meet the policy criteria, but still deserves attention. In these cases we try to assist people in need and those who really deserve it through the Mayoral Fund. The fund has strict criteria that all applications must adhere to and the fund is also audited annually to ensure proper management.

Over the past few years, we were able to assist fire victims, provided opportunities for children to participate in sporting events and give assistance in times of great tragedy where children unexpectedly passed away. You are welcome to make contributions to the fund throughout the year. Please contact my office if you would like to make a contribution. Every contribution makes a big impact in the lives of our less fortunate residents.

Homelessness is a major challenge for us as a town and a community. It is but one symptom of a much larger poverty problem that we are facing as a society. The past few months, we spoke about this often, and it is important that we continue to talk about this. Following a thorough consultation process and workshops with various stakeholders in Stellenbosch, the Council finally approved a draft policy for Street People in April that is available for public participation. Homelessness and street people are driven by various factors, including drug and alcohol abuse, dysfunctional family dynamics, addiction, health or mental health challenges, poverty and even physical disability. That is why a holistic approach is needed to support these people.

One of the steps we have taken in this regard is to support the Give Responsibly campaign. This initiative, driven by Heartflow, Streetlight, Stellenbosch Night Shelter and other non-governmental organisations, with

Heartflow, Straatlig, Stellenbosch Nagskuiling en ander nie-regeringsorganisasies, met die ondersteuning van die Munisipaliteit en die Universiteit help ons om te kan saamwerk as vennote op ‘n holistiese manier.

As deel van die beleid wil ons nog vennote betrek, die breër gemeenskap inlig en opvoed oor haweloosheid, hawelose mense bemagtig om meer selfstandig te word, die menswaardigheid van hawelose mense bewaar en hulle ondersteun tot so ‘n mate dat hulle herintegreer in die samelewing. Gaan kyk gerus na die konsepbeleid en gee vir ons terugvoer. As munisipaliteit kan ons nie hierdie uitdaging aanpak sonder u ondersteuning en insette nie.

Help ons asseblief en ondersteun die *Gee Verantwoordelik*-veldtog. Die koepons verkoop baie goed en ‘n hele paar honderd koepons is al deur mense ingeruil vir hulp en bystand. (Sien blokkie vir plekke waar u koepons kan koop wat u kan gee as mens geld vra). ’n Koepon gee iemand toegang tot ’n slaapplek, bord kos of kombers, en skakel misbruik van geld vir dwelms en drank uit. Dit help dus dat die mense wat hulp die nodigste het, baat vind by hierdie projek!

Soos ek reeds verlede maand genoem het, is die stortingsspasie by ons stortingsterrein besig om op te raak en ons het reeds in 2016 begin met die vergroting van die terrein. Dit gaan egter nog ‘n tyd neem voor die terrein weer in gebruik sal wees. Daarom is dit belangrik dat ons deurlopend toegespits is op vermindering van vaste afval, die hergebruik van items en die herwinning van herwinbare materiaal (*Reduce, Reuse, Recycle*). Een van die maklikste dinge wat ons almal kan doen is om ons gebruik van plastiek te verminder en te vermy sover moontlik. Plastieksakke is veral ‘n euwel wat grootskaalse besoedeling veroorsaak. Meer duursame sakke van alternatiewe omgewingsvriendelike materiale is oral beskikbaar. Baie inwoners het al die goeie gewoonte aangeleer om hierdie sakke in hul voertuie of selfs handsakke aan te hou. Ek wil graag almal aanmoedig om moeite te doen om die aankoop van nuwe plastiek inkopiesakke te vermy en gebruik te maak van die herwinbare alternatiewe. Dit bespaar jou geld en is ook goed vir ons omgewing. Ek dra vir seker altyd my 2 langlewe sakke saam.

Ek herinner u daaraan dat ons steeds op vlak 2 waterbeperkings is. Indien die winter nie genoeg reën bring nie, sal ons die waterbeperkings weer moet heroorweeg. Hou asseblief aan om water te spaar sodat ons damvlakke makliker kan styg en strenger beperkings kan vermy.

Op 16 Junie herdenk ons weer Jeugdag en die dag toe van ons jeugleiers in 1976 opgestaan het teen die hele destydse politieke bestel. Die ikoniese foto van Hector Pietersen dien vandag nog as ‘n simbool van opoffering

the support of the Municipality and the University, makes it possible for us to work together as partners on a holistic approach.

As part of our policy we want to involve more partners, inform and educate the broader community about homelessness, empower homeless people to become more self-reliant, to protect their dignity and to reintegrate them into society where possible. Please have a look at the draft policy and send us your feedback. As a municipality, we cannot tackle this challenge without your support and inputs.

Please help us by supporting the Give Responsibly campaign. The coupons are selling very well and several hundred has been traded for assistance and support (See block for places where you can purchase coupons to give to people when they ask for money). A Coupon gives someone access to a place to sleep, a plate of food or a blanket, and it eliminates cash that could possible go to drugs or alcohol. It therefore helps the people who are most in need of assistance and they really benefit from this project!

As I already mentioned last month, the space at our landfill site is running out and we began addressing this challenge in 2016 with the expansion of the site. It will however take some time before the site will be in full use again. That is why it is important that we continuously focus on the reduction of waste, the reuse of items and recycling of all recyclable materials – Reduce, Reuse, Recycle! One of the easiest steps we can all take is to reduce our use of plastics as far as possible. Plastic bags are particularly bad for the environment and results in widespread pollution. More durable bags, made from environmentally friendly materials are widely available. Many residents already have the good habit of keeping reusable bags in their cars or even handbags. I want to encourage you to make an effort to avoid buying plastic shopping bags and to make use of recyclable alternatives. It saves money and it is also good for our environment. I always carry my two reusable bags with me.

I want to remind you that we are still on level 2 water restrictions. If we do not receive sufficient rainfall during the winter, we might have to reconsider the current restrictions. Please continue to save water so that our dam levels can recover more easily and so that we can avoid stricter restrictions.

On 16 June, we commemorate Youth Day and the day in 1976 when our youth stood up against the apartheid government. The iconic picture or Hector Pietersen serves as a symbol, even today, of sacrifice for the Youth. To commemorate this day, Stellenbosch Municipality will again host a sporting event for the youth. As soon as all the details have been finalised, we will share it on our social media and other media

vir die Jeug. Om die dag te herdenk gaan Stellenbosch Munisipaliteit weer ‘n sportgeleentheid vir die jeug hou. Sodra al die besonderhede gefinaliseer is, sal ons dit met u deel via ons sosiale media en ander platforms. Kom ondersteun gerus die geleentheid en herdenk die dag saam met ons. Ons jeug is steeds een van ons meer kwesbare gemeenskappe en ons is daartoe verbind om geleenthede vir hulle te skep.

Daarmee saam beweeg ons ook nader aan Nelson Mandela Dag op 18 Julie. Hierdie dag word wêreldwyd herdenk as die geboortedagviering van Nelson Mandela. As Munisipaliteit sal ons beslis ons 67 minute diens vir mense in nood gee. Daar is so baie projekte waarby u voltyds betrokke kan raak, wat minder bevoorregte mense ondersteun. Skakel gerus Heartflow, Straatlig, Stellenbosch Voedingsaksie of die Nagskuiling vir idees oor hoe u by hulle kan betrokke raak. Of skryf vir my as u wil bydra.

Die winter is om die draai en dit is ook die tyd van die jaar wat leerders en studente agter die boeke inskuif vir die Junie eksamens. Sterkte aan al ons leerders en studente wat nou besig is met studies en onthou - daar wag ‘n lekker vakansie na die harde werk! Tot volgende maand.

*Beste Wense*
*Burgemeester Gesie*

platforms. Please come out, support the event and commemorate the day with us. Our Youth is still one of the most vulnerable groups in our society and we are committed to create opportunities for them.

We are also moving closer to Nelson Mandela Day on 18 July. This day is celebrated worldwide as the birthday of Nelson Mandela. As the Municipality, we will definitely give our 67 minutes to serve people in need. There are so many projects where you can get involved on a full time basis, to support less fortunate people. Please contact Heartflow, Streetlight, Stellenbosch Feeding Action or the Stellenbosch Night Shelter on how you can get involved. Alternatively, write to me if you want to make a contribution.

Winter is around the corner and this is the time of year that learners and students are behind their books preparing for the June exams. Good luck to all our students and learners who are putting in the long hours and hard work. Remember that there is a nice break ahead! Until next month.

*Best Wishes*
*Mayor Gesie*

## Lys van Koupon verskaffers/ List of Coupon Suppliers

- Tony’s Barber;
- PostNet (Plein Street and Andringa Street);
- Cash Crusaders, iThemba Curious;
- Super Spar (Boord);
- Kwik Spar (Neelsie);
- BP petrol station (Merriman Street and Dorp Street)
- Moeder Gemeente;
- NG Kerk Stellenbosch Wes and Welgelegen,
- Joshua Generation,
- Kruiskerk
- Christ Church